MY TAAL (B)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van taal en in besonder sy eie taal.
2. Aan te moedig om sy taal korrek en suiwer te gebruik.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Na twee Afrikaanse kinderliedjies luister en daarna die verhaal van die liedjie vertel. (Voorbeelde: Heidi, Trompie, Die padda wou gaan opsit, Feetjieland)
2. Na die voorlees van drie Afrikaanse gedigte luister en een aanleer.
3. Tien of meer van die onderstaande leenwoorde uit Afrikatale gebruik om ŉ storie/gedig/liedjie te skryf. ("ŉ" en "die" mag gebruik word). Sies, eina, kwagga, gogga, kierie, geitjie, Griekwa, abba, lobola, kaia, mamba, donga, impala.
4. Die volgende woorde in ŉ woordeboek opsoek en vasstel wat dit beteken. Leenwoorde, gedig, afkortings, voorlesing, taalstryd, idiome, tradisioneel, debat.
5. Tien idiome se betekenisse ken: Een as ŉ item uitbeeld en die gehoor laat raai wat dit is of een idioom op ŉ plakkaat uitbeeld.
6. Gebruik ŉ telefoongids en soek name daarin op.
7. Rangskik tien woorde wat met dieselfde letter begin alfabeties onder mekaar.
8. ŉ Storie of gedig dramatiseer of poppekas aanbied.

C AANBIEDING

1. Die oefening word gedoen om die kind te leer om na die woorde en nie net na die ritme te luister nie. Gebruik dus ŉ hele aantal liedjies wat die kind sal interesseer. Maak dit ŉ lekker kuier geleentheid met koeldrank en eetgoed. Sit sommer saam met hulle op die mat en luister na die liedjies. Dit mag gebeur dat situasies opduik wat u die geleentheid sal gee om oor dieper dinge met hulle te gesels, lewenslesse te leer of waardes en norme vas te lê. Wees gereed om hierdie geleenthede positief te benut.
2. Kies gedigte wat die kind sal verstaan en waardeer. Bespreek die gedig, wys op die rym en ritme en verduidelik ook die agtergrond van die gedig. Maak die aanleer van minstens een gedig vir die kinders aangenaam deur van bewegings en handgebare gebruik te maak. Die kind moet aangemoedig word om gedigte te lees en nie afgeskrik word nie.
3. Hierdie vereiste is ŉ lekker speletjie. Die woorde is almal woorde uit ons inheemse swart tale. Die gedagte is dat hulle die woorde so inspan dat dit ŉ sinvolle storie/gedig/liedjie is. Voorbeeld: Eina skree die geitjie toe die kwagga hom met die kierie bykom.
4. Verdeel die groep in kleiner groepies. Gee aan elke groep ŉ woordeboek (verkieslik verskillende soorte). Noem die woord wat hulle moet opsoek om die betekenis te bekom. Hopelik sal daar verskillende verduidelikings uit die verskillende woordeboeke kom.
5. Die aanbieder kan die idiome kies, die kind help met die aanleer en die verduideliking gee. **OF**. Elke kind bring voorbeelde en verduidelik dit aan die res.
6. Maak gebruik van ŉ paar telefoongidse. U gee die van en hulle moet dit opsoek. Dit is bloot ŉ oefening om die alfabet aan te leer of vas te lê.

7. Gee vir elkeen ’n pakkie van 10 kaartjies met woorde op wat met dieselfde letters begin. Die opdrag is om dit alfabeties te rangskik. Dit kan bloot woorde wees of byvoorbeeld diere of vrugte of name of plekke. Hierdie kan ook vir ontspanning gespeel word.
8. Raadpleeg die webblad vir hulpbronne.

NB ! Leer die kind om ’n woordeboek korrek te gebruik.